| | | |
|---|---|---|
| SAIGR<br>DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS<br>ontwikkel.beïnvloed.lei. | **Assessering van Professionele Bevoegdheid<br>November 2017<br>Take<br>Metagog Instituut (Edms) Bpk** |  |



## Take Junior.konsultant@millennialconsultsa.co.za

| Opdragonderwerp | | Dok | Aanvangs -datum | Sperdatum |
|---|---|---|---|---|
| (a) | Hersien en lewer kommentaar op die konsep klandisiewaardeberekening soos Ingrid Jansen in haar e-pos versoek het. | 1 | 22/11/2017 | 22/11/2017 |
| (b) | Reageer op Ingrid Jansen se e-pos deur –<br>• die interne beheermaatreël-kontrolelys in die verlangde formaat op te stel; en<br>• kortliks verdere advies te verleen om Metagog te help met die bestuur van die 'vertrouenskrisis'. | 2 | 22/11/2017 | 22/11/2017 |
| (c) | Stel namens Ingrid Jansen 'n konsep antwoord aan Azania Njeke op, soos versoek in haar e-pos. Maak seker dat sowel die finansiële rekeningkundige as BTW-verwante implikasies in verband met inkomste en die bestaande inkomstedelingsreëlings met die onderskeie vennote gedek word. | 3 | 22/11/2017 | 22/11/2017 |
| (d) | Reageer op Ingrid Jansen se e-pos in verband met die belastingimplikasies vir Metagog indien die maatskappy sou instem tot die herstrukturering van die leningsvoorwaardes soos versoek deur Ron Langley. | 4 | 22/11/2017 | 22/11/2017 |
| (e) | Stel 'n werkplan vir Metagog se Ouditkomitee vir die volgende 12 maande op wat die inligting wat deur Patsy Zieberman versoek is, weergee. | 5 | 22/11/2017 | 22/11/2017 |
| (f) | Reageer op Ingrid Jansen se e-pos oor die voorgestelde Metagog werknemersaansporingskema. | 6 | 22/11/2017 | 22/11/2017 |
| (g) | Reageer op Ingrid Jansen se e-pos oor Metagog se verkryging van Vame deur 'n lys te maak en 'n verduideliking te gee van die vyf sleutelkwessies vir Metagog in die ontsluiting van waarde na die verkryging van Vame. | 7 | 22/11/2017 | 22/11/2017 |
| (h) | Reageer op Ingrid Jansen se e-pos oor die aanlyn-nuusberig in verband met Metagog. | 8 | 22/11/2017 | 22/11/2017 |

Metagog Instituut (Edms) Bpk is 'n fiktiewe maatskappy, en al die gebeure sowel as die name van alle persone wat met hierdie maatskappy verband hou, soos in hierdie Assessering van Professionele Bevoegdheid genoem is, is suiwer fiktief van aard en enige ooreenkoms met werklike persone, hetsy lewend of dood, of met enige werklike besigheidsentiteit, is bloot toevallig.



© SAIGR 2017